Bergsig BULLETIN

5 -11 Aug 2018

God verander lewens. Hy stuur ons om sy liefde te leef deur ons verhouding met God, met mekaar, met onsself en met die wêreld. Dit is ons gemeente se roeping om hierdie 4 verhoudings volgens God se wil uit te leef.

Ons verhouding met GOD deur eredienste

Alternatief 08:30
NAGMAAL
Ds Anton Louw
Teks: Gen 32
Tema: Floreer ten spyte van wonde en sonde
Deurkollekte:
Spesiale kollekte Jeug

Erediens 10:00
NAGMAAL
Ds Anton Louw
Teks: Gen 32
Tema: Floreer ten spyte van wonde en sonde
Deurkollekte:
Spesiale kollekte Jeug

Kruisdiens 18:00
Suzette Luwes
Tema: Wie is jy?
Jy word hartlik uitgenooi vir 'n koppie koffie / tee voor die diens.

HUWELIKSEMINAAR

Hierdie jaar se huwelik-seminaar word aangebied deur VitaAmp huwelike.

Rudolph en Sanet Grobler is die sprekers.
Dit vind plaas vanaf 19 tot 21 Augustus.
In die huwelik is man en vrou 'n eenheid: fisies, emosioneel en geestelik. Maar soms is dit moeilik om prakties hierdie eenheid uit te leef! Die reeks sal jou help om beter jou maat se behoeftes te verstaan en te vervul.
Op hierdie manier sal daar dieper intimiteit en meer passie in julle verhouding wees op al die vlakke van eenheid:

- Gesig-tot-gesig: Hoe om beter te kommunikeer en bewondering vir mekaar te toon.
- Lyf-teen-lyf: Beleef meer seksuele vervulling en teerheid.
- Sy-aan-sy: Hoe om die lewe saam te geniet en in julle geloofslewe saam te groei.

Maak seker dat jy hierdie geleentheid benut!"

Sondag 19 Augustus 08:30 en 10:00
"Gemaak om een te wees"
Sondag 19 Augustus 18:00 "Gesig-tot-gesig"
Maandag 20 Augustus 18:00 "Lyf-teen-lyf"
Dinsdag 21 Augustus 18:00 "Sy-aan-Sy"

#bergsigjeug

- *kleuterkerk* (3-6jr) 08:30
- *kinderkerk* (Gr1-7) 08:30
- *#ignite* (tieners) 09:30
- *belydenisgroep* 09:30 -
  Let asb op dat die
  BELYDENISAFLEGGING
  nie meer 25 Nov nie, maar wel
  op 18 NOV om 08:30 plaasvind
- *studente / jongvolwassenes* (18-25)
  kontak asb Suzette Luwes

Aandag alle tieners & studente:

Stranddiensaansoeke is oop!!!

Dis 'n voorreg om weer hierdie jaar uit te reik na Heroldsbaai 14 - 23 / 25 - 30 Desember.

Aansoekvorms is beskikbaar by die kerkkantoor, die deure, by Suzette (suzetteluwes@gmail.com), asook webblad & stranddiensleiers.

Borgvorms is beskikbaar by Suzette.
Maak seker jy is daar!

Ons verhouding met **MEKAAR** deur versorging en in kleingroepe

Siekes in die gemeente *(a-z) Dra mekaar se laste en bid vir mekaar - Gal 6:28.*

Alida Viljoen, Alta & Piet Oosthuizen, André en Anita Cornelissen, André van den Bergh, OM Pretoria; Annetjie Venter, Arno du Plessis, Benk Benkenstein, Brian Starke, Danie Gouws, Dirk Immelman, Dirk Louw, Elize Colton, Eugene French, Gregory Gregg, Gré Zonnenstein, Hannes Venter, Jan Kritzinger, Joey Jacobs, Johan Blaauw, Johanna Pentz, John & Nadine Levey, Kobus Parsons, Johan Westenraad, Letitia Beukes, Luckner Peda, Maggie Neuhoff, MC Botha, Miems Jacobs, Otto van Vuuren, Philna Nelson, Pieter Lourens, Rina Klue, Rina Müller, Roelie Weideman, Sally Martin, Trudie Gerber.

Lief & Leed *Ons innige meegevoel met Willem Wessels, Groenkloof, wie se broer oorlede is, asook die familie en kinders van Cecil van Zyl, voorheen van Mossellaan.*

Seënwense *aan díe senior lidmaat 80 jaar en ouer wat hierdie week verjaar*

Saterdag 11 Aug: **Pieter Koen**

Hartlik geluk *aan die volgende persone wat hierdie week verjaar:*

Sondag 5 Augustus: Jaco Barnard, Johan Basson, Louwrensia de Waal, Essie Esterhuizen, Johanna Joubert, Anné Olivier, Jessie Rademan, Liezl Venter, Herman Voigt.
Maandag 6 Augustus: MC Coomans, John Levey, Lester Schoonraad.
Dinsdag 7 Augustus: Adriaan de Bruyn, Arno du Plessis, Juan Kleinhans, Juliana Krüger, Erika Moolman, Krystal Nel.
Woensdag 8 Augustus: Christo Barnardt, Reinhardt Maree, Zoé Otto, Petrie Stander, Erica van Niekerk.
Donderdag 9 Augustus: Annelize Lamprecht, Chris Schliemann, Marlene Swanepoel, Johan van Wyk, Lydia Vorster.
Vrydag 10 Augustus: Cora de Villiers, Hennie du Plessis, Andries Hartman, Francois Heunis, Liam Human, Annemarie Otto, Kobie Prins.
Saterdag 11 Augustus: Margaret de la Rey, Manné Krüger, Lize-Marie Lombard, Deon van der Linde.

Persoonlike inligting van lidmate

Let asb daarop dat geen persoonlike inligting van lidmate voortaan op die Bulletin en sosiale media geplaas sal word nie. Indien jy, as lidmaat, kontak-besonderhede / 'n adres benodig (van bv 'n persoon wat siek is of verjaar) skakel asb die kerkkantoor.

Bergsig Nuus!

Nou beskikbaar by die kerkdeure, die kerkkantoor en op ons webblad. Neem gerus en lees meer oor ons gemeente se uitreike, werksaamhede en aktiwiteite.

VERWELKOMING BY DEURE

Ons benodig 4 persone om, in 'n span 1 x per maand, mense voor eredienste by die deure te verwelkom. Kontak asb vir ds. Anton of Martie by die kerkkantoor.

CREMHOG

Christian Rehabilitation Ministries for the Homeless in George

Haweloses word ondersteun en o.a. bedien met die Boodskap, koppie sop en brood 6 dae 'n week, asook vaardigheids-opleiding en akkomodasie. Brosjures by die deure beskikbaar.

Die nood is groot - kom raak asb betrokke en help! Kontak gerus vir Andre Olivier - CREMHOG (082 551 8900) vir meer inligting

Ons SOPKOMBUIS benodig steeds ekstra sop.

(Gee asb af by die kerkkantoor. Indien nodig - leë 2 liter roomysbakke vir die sop is ook daar beskikbaar). Baie dankie aan elkeen wat reeds sop gebring het.

Ons sien uit na 'n gesellige oggend saam! Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor, of kontak Anja Louw 073 304 7193 of Sanet Grobler 083 292 5033 vir meer inligting.

Die vroue van Bergsig beplan om Vrouedag met fleur en vrolikheid te vier!

Ons tema vir die oggend is

Mooi van binne & mooi van buite.

Daar gaan heerlik gekuier word oor 'n koppie tee en dekadente koeke; terwyl ons luister na sprekers wat uiters bekwaam is op hul gebied. Christie Els (kliniese sielkundige) gaan met ons gesels oor **Mooi van binne**; terwyl die bekende grimeerkunstenaars Wilna Allpass en Michelle Theron 'n demonstrasie vir ons gaan doen: **Mooi van buite**.

Help asb:

Ons benodig asb klere vir 'n dogtertjie van 1-2 jaar asook somerklere vir tweeling-dogtertjies van 1 jaar oud. Speelgoed sal waardeer word. Klere vir senior mans en dames ook welkom.

Gebedsgeleenthede:

Almal hartlik welkom
- Di 17:30 - Gebedskapel
- Do 06:00 - kerksaal
- SMS-gebedsbediening
  kontak asb die kerkkantoor.

Voorbidding...

* Kinderkerk bediening (Gr 1-7)
* Eensames en bejaardes
* Grondbesit gesprek
* Nuwe leiers in Zimbabwe
* Kinderlose egpare
* Sagte harte vir mense in nood
* Dankbaarheid vir gesondheid
* Inkonteks: Sirië

Dankbaar...

* Goeie reën in droogte-geteisterde gebiede
* Toegewyde opvoeders
* Gemeentes wat geestelik groei

Welkom!

Indien jy nuut in die gemeente is, vreemd voel, alleen is of sommer net met iemand wil gesels – tussen die twee eredienste, sal agter in die saal, persone wees met 'n "Welkom" kaartjie aan. Maak gerus met hul kontak.

kom kuier saam!

Jy word hartlik uitgenooi om gesellig oor 'n koppie tee of koffie saam te kuier tussen ons oggend-eredienste & voor die Kruisdiens.



Ons verhouding met die WÊRELD deur diens en getuienis

SENDING PORTUGAL

Gerrie & Arlene Coetzee besoek ons gemeente 13-31 Aug.

Hul is beskikbaar vir kuier / optrede by klein-, sel- en Bybelstudiegroepe. Kontak asb hul projekspanleier, Nora de Wit (082 375 3060), vir meer inligting en om 'n afspraak te reël.

ONTHOU OM NIE TE VERGEET .....!!!!!

Saterdag 1 September
hou ons weer 'n

VROLIKE LENTE ONTBYT

ten bate van Amos, Lynda en Moauzer (Sendelinge in Algerië).
Begintyd: 09:30 hier by die kerk.
Pannekoeke met sout- en soet-vulsels te kies en te keur.
Kaartjies: R80 pp (kinders R50) by die kerkkantoor.
Spreker: **Eric Swanepoel** oor hoe om Christen te wees in 'n Moslemland.
SIEN JOU DAAR!!!!!

SKYPE uitsending na Groenkloof Aftree-oord

Ons het verlede Sondag ons eerste suksesvolle "lewendige" uitsending na Groenkloof gehad. Klein aanpassings sal vandag gemaak word om die kwaliteit verder te verhoog. Indien jy op die uitsending wil inskakel Sondagoggende op jou rekenaar, tablet of selfoon, kontak asb ds. Anton vóór Sondag.
Ons SKYPE kontak naam is ***bergsiguitsending***.

KAMERA BEDIENING

Ons benodig 'n persoon om ons uitsending na Groenkloof op te neem tydens die Alternatiewe diens. Opleiding word verskaf. Kontak asb vir ds. Anton.

Gemeente ADMIN en ALGEMENE INLIGTING

Dagboek & Erediensteye

Ma 6 Aug Kerkraadsvergadering 17:30
Wo 8 Aug Streekskerkraadsvergaderings 17:30
Do 9 Aug Vrouedag-tee 10:00 (kaartjies by kerkkantoor)
So 12 Aug Langnaweek: Erediens 09:00, GEEN Jeug, Kruisdiens 18:00 in die Jeuglokaal.
Ma 13 Aug DIENSGROEPE: Seniorbediening 10:00, Barmhartigheid 17:30, Gemeentebediening 17:30
Di 14 Aug DIENSGROEP Eiendom 17:30
So 19 - Di 21 Aug HUWELIKSREEKS met VitaAMP!
So 26 Aug Kruisdiens 18:00 NAGMAAL
Ma 27 Aug DIENSGROEP: Finansies 17:30
Sat 1 & Son 2 Sept Wêreldimpak-naweek met Eric Swanepoel
So 9 Sept Alternatief 08:30, sowel as EREDIENS om 10:00 - asook uitreik na George gemeenskap om 09:45

Heerlike pitlose ROSYNE

R20/400g

Nog net 'n paar pakkies oor! Kom koop by die kerkkantoor.

Indien jy wil inskakel by NG George-Bergsig gemeente, kontak gerus die kerkkantoor / vul 'n nuwe lidmaat vorm in. Persone is ook in die saal, tussen die eredienste, beskikbaar om jou hartlik WELKOM te heet.

Preekopnames is op die webblad beskikbaar. Kontak asb die kerkkantoor indien jy dit op CD wil aankoop.

Ons weeklikse BULLETIN is Sondae by die kerkdeure, asook Vrydae op ons web- en facebookblad beskikbaar.

Neem asb 'n INLIGTINGSPAKKET (própvol inligting oor ons gemeente) en 'n KALENDER by die kerkdeure.

In geval van LIEF & LEED (die aankoms van 'n baba, siekte, trauma of dood in die gesin) of enige ander kwelling, tree gerus in verbinding met jou leraar of skakel die kerkkantoor. Om 'n afspraak of hospitaalbesoek te reël, skakel gerus die leraars direk.

KERKKANTOOR: Ma-Vry 08:00-13:00 | TEL: 044 871 1338 | EPOS: admin@george-bergsig.co.za
FAKS: 044 871 4969 | FACEBOOK: NG George-Bergsig | WEBBLAD: www.george-bergsig.co.za

Ds. Charl du Plessis: 044 871 1379, 083 286 3291
Ds. Anton Louw: 044 871 1212, 083 286 3292
Ds. Hannes Pretorius: 044 873 5413, 084 456 0401
Ds. Rudolph Grobler: 044 871 5611, 082 820 9899
Suzette Luwes (Jeug): 082 961 2004

BANK INFO: NGK George-Bergsig
BANK: ABSA, TAKKODE: 632 005,
REK NO: 890 580 009
VERWYSING: Van & waarvoor
Dankofferkoeverte by kerkdeure & kerkkantoor